# LAERSKOOL GEORGE-SUID

Skool van uitnemendheid

Geagte Ouers

***AANSOEK OM TOELATING VIR 2027-SKOOLJAAR - GRAAD 1 TOT 7***

Laerskool George-Suid is 'n toonaangewende Afrikaanse laerskool wat met ywer en trots kinders onderrig en voorberei om waardevolle landsburgers te wees. Gebalanseerde, goed aangepaste kinders is elke skool se trots.

***U ontvang hiermee 'n aansoekpakket vir die 2027-skooljaar.***

Voltooi asseblief volledig en heg onderstaande dokumente by die aansoek aan. **Onvolledige aansoeke kan nie verwerk word nie.**

- Oorspronklike, gesertifiseerde geboortesertifikaat
- Oorspronklike, gesertifiseerde immuniseringsbewys
- Oorspronklike, gesertifiseerde kopieë van beide ouers/voogde se ID-dokumente
- Bewys van woonadres
- Mees onlangse rapport/verslag van huidige skool
- WKOD Aanlyn-aansoekbewys (Aflaaibaar vanaf die WKOD se aanlynstelsel nadat u aanlyn aansoek gedoen het.)
- Indien van toepassing: Leerder se mediese- en/of sielkundige verslae
- Geskeide egpare: Veiligheid van leerders is prioriteit. In die geval van 'n geskeide egpaar, moet 'n kopie van die toesigooreenkoms aangeheg word.

***Teikendatums as volg:***

- Graad 1: WKOD Aanlyn-aansoeke open 10 Maart 2026 en sluit 14 April 2026.
- Graad 1: Ouers word per e-pos ingelig aangaande die uitkoms van aansoeke vanaf 28 Mei 2026 tot 10 Junie 2026.
- Graad 1: In geval van plasing, moet ouers aanlyn bevestig of die plasing aanvaar word tussen 28 Mei 2026 en 15 Junie 2026.
- Graad 2 tot 7: WKOD Aanlyn-aansoeke open 3 Augustus 2026 en sluit 17 Augustus 2026.
- Graad 2 tot 7: Ouers word per e-pos ingelig aangaande die uitkoms van aansoeke vanaf 16 tot 18 September 2026.
- Graad 2 tot 7: In geval van plasing, moet ouers aanlyn bevestig of die plasing aanvaar word tussen 16 en 30 September 2026.
- Slegs beskikbare plekke sal gevul word.

***Belangrike inligting:***

- Aansoekers moet op die WKOD aanlynstelsel registreer, aansoek doen en die bewys van u aanlyn aansoek indien by die skool.
- (Let asseblief daarop dat Laerskool George-Suid addisionele inligting verlang en versoek alle ouers om ook 'n skool-aansoekvorm te voltooi en dit by die skool per hand in te dien of per e-pos.)
- Let wel: Die WKOD Aanlynstelsel sluit 14 April 2026 vir Graad 1 toelatings en 17 Augustus 2026 vir die Graad 2 tot 7 toelatings. U sal na hierdie datums direk by die skool moet aansoek doen om toelating.
- Aansoeke moet volledig in leesbare skrif voltooi en onderteken word deur beide ouers en getuie.
- Alle dokumentasie moet die aansoek vergesel.
- Verseker dat die korrekte e-posadres vir kommunikasie-doeleindes gegee word.

Inskrywingsnavrae kan aan die skool by 044 873 3464 of aan aansoeke@lgs.co.za gerig word.

Vriendelike groete

Mnr. Sas du Plessis
**Skoolhoof**

# AANSOEK OM TOELATING - 2027

VOLTOOI MET 'N SWART PEN ASSEBLIEF

**HET U ENIGE LEERDERS TANS/VOORHEEN IN HIERDIE SKOOL?** ☐ **Ja** ☐ **Nee**

Naam van ander leerder(s) : ____________________

DATUM: 3 MRT 2026

## LEERDERINLIGTING

### LEERDER

Volle name: ____________________

Van: ____________________

Noemnaam: ____________________

Geboortedatum: ____________________

ID-nommer: ____________________

Nasionaliteit: ____________________

Kerkverband: ____________________

Geslag: ☐ Manlik ☐ Vroulik

Bevolkingsgroep: ____________________

Huistaal: ____________________

Voorkeur onderrigtaal: ____________________

Behendigheid: ☐ Links ☐ Regs ☐ Beide

Leerder selfoonnommer: ____________________

Leerder e-posadres: ____________________

Toelatingsdatum: ____________________

Graad in 2027 : ____________________

Jare in graad vir 2027 : ____________________

Jare in fase vir 2027 : ____________________

Voorskoolse opvoeding bygewoon: ☐ Formeel ☐ Informeel ☐ Ander: ____________

Geregistreer vir 'n maatskaplike toelaag: ☐ Ja ☐ Nee

Ontvang maatskaplike toelaag: ☐ Ja ☐ Nee

Mediatoestemming: ☐ Ja ☐ Nee

Metode van vervoer: ____________________

Taxi/Bus registrasienommer: ____________________

Bestuurder se naam: ____________________

Kontaknommer: ____________________

### NAASBESTAANDE-INLIGTING

Naam: ____________________

Kontaknommer: ____________________

Alternatiewe Kontaknommer: ____________________

Verwantskap: ____________________

## SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK

Familiekode: ____________________

Registerklas: ____________________

Toelatingsnommer: ____________________

Waglys: ☐ A ☐ B

Nommer op waglys: ____________

ID afskrif: ☐

Oorplasingskaart: ☐

Bewys van adres: ☐

Rapport: ☐

Geboortesertifikaat: ☐

Kliniekkaart ☐

### FAMILIE-INLIGTING

Gesinstatus: ☐ Beide ouers ☐ Enkelouer - Nooit getroud ☐ Pleegsorg ☐ Kinderhuis ☐ Enkelouer - Geskei ☐ Ander ☐ Hersaamgestel ☐ Weduwee/Wewenaar

Ouers oorlede: ☐ Moeder ☐ Vader ☐ Geen

### LEERDERGESONDHEIDSINLIGTING

Kroniese siektes: ____________________

Allergieë: ____________________

Medikasie: ____________________

### MEDIESE FONDSINLIGTING

Naam: ____________________

Telefoonnommer: ____________________

Lidnommer: ____________________

Hooflid: ____________________

### HUISDOKTERINLIGTING

Naam: ____________________

Telefoonnommer: ____________________

Besigheidsadres: ____________________

____________________

### INLIGTING VAN VORIGE SKOOL/SPEELGROEP/KLEUTERSKOOL

Eerste inskrywing van leerder in Wes-Kaap: ☐ Ja ☐ Nee

Het leerder verlede jaar skool bygewoon ☐ Ja ☐ Nee

Indien wel, watter Provinsie/Land: ____________________

Vorige skool ____________________

Telefoonnommer ____________________

Adres ____________________

Provinsie ____________________

Hoogste graad in vorige skool ____________________

Rede vir skoolverlating ____________________



*Gaan voort na Bladsy 2...*

## BIOLOGIESE OUER / WETTIGE VOOG 1 INLIGTING

Titel: ______
Volle name: ______
Van: ______
Voorletters: ______
Noemnaam: ______
ID-nommer: ______
Nasionaliteit: ______
Huistaal: ______
Huwelikstatus: ☐ Enkellopend ☐ Gemeenregtelik getroud ☐ Geskei ☐ Getroud ☐ Uitmekaar ☐ Weduwee/Wewenaar
Kommunikasie: ☐ SMS ☐ E-pos ☐ Pos ☐ Per hand
Komm. taal: ______
Selfoonnommer: ______
Huis tel: ______
E-pos: ______
Woon die leerder by hierdie ouer? ☐ Ja ☐ Nee

Woonadres: ______
Posadres: ______
Beroepstatus: ☐ Eie Werkgewer Professioneel ☐ Eie Werkgewer Nie-Professioneel ☐ Huisvrou ☐ Deeltyds ☐ Kontrakwerker ☐ Pensioenaris ☐ Student ☐ Tydelik ☐ Voltyds ☐ Werkloos
Beroep: ______
Werkgewer: ______
Werkstelefoonnommer: ______
Werkgewer fisiese adres: ______

## BIOLOGIESE OUER / WETTIGE VOOG 2 INLIGTING

Titel: ______
Volle name: ______
Van: ______
Voorletters: ______
Noemnaam: ______
ID-nommer: ______
Nasionaliteit: ______
Huistaal: ______
Huwelikstatus: ☐ Enkellopend ☐ Gemeenregtelik getroud ☐ Geskei ☐ Getroud ☐ Uitmekaar ☐ Weduwee/Wewenaar
Kommunikasie: ☐ SMS ☐ E-pos ☐ Pos ☐ Per hand
Komm. taal: ______
Selfoonnommer: ______
Huis tel: ______
E-pos: ______
Woon die leerder by hierdie ouer? ☐ Ja ☐ Nee

Woonadres: ______
Posadres: ______
Beroepstatus: ☐ Eie Werkgewer Professioneel ☐ Eie Werkgewer Nie-Professioneel ☐ Huisvrou ☐ Deeltyds ☐ Kontrakwerker ☐ Pensioenaris ☐ Student ☐ Tydelik ☐ Voltyds ☐ Werkloos
Beroep: ______
Werkgewer: ______
Werkstelefoonnommer: ______
Werkgewer fisiese adres: ______

## ONDERNEMING DEUR OUER / VOOG

Ek/Ons, ______ (Naam van Ouers / Voogde) verklaar hiermee dat die inligting in hierdie vorm deur my weergegee, waar en juis is en dat ek by wyse van my handtekening hieronder aan die Voorsitter van die Beheerliggaam of sy verteenwoordiger toestemming verleen om enige van die besonderhede deur my verskaf na te gaan en te bevestig. Ek is bewus dat, sou enige van die inligting deur my verskaf onwaar bevind word, ek krimineel vervolg kan word.

Geteken te ______ op ______ dag van ______ 20___

Handtekening van Ouer / Voog 1: ______ Handtekening van Ouer / Voog 2: ______


***Gaan voort na Bladsy 3...***

## REKENPLIGTIGE- INLIGTING

☐ Biologiese Ouer 1 ☐ Biologiese Ouer 2 ☐ Ander

**Slegs indien 'Ander', voltooi asseblief gedeelte A of B hieronder:**

### A) INDIVIDU

Titel: ______

Volle name: ______

Van: ______

Voorletters: ______

Noemnaam: ______

ID-nommer: ______

Huistaal: ______

Kommunikasie: ☐ SMS ☐ E-pos ☐ Pos ☐ Per hand

Komm. taal: ______

Selfoonnommer: ______

Telefoonnommer: ______

Faksnommer: ______

E-pos: ______

Woonadres: ______

Posadres: ______

### B) MAATSKAPPY / BESLOTE KORPORASIE / TRUST

Titel: ______

Naam: ______

Registrasienommer: ______

Komm. taal: ______

Kontaknommer: ______

Faksnommer: ______

Besigheidsadres: ______

Posadres: ______

### BANKBESONDERHEDE

Bank: ______

Tak: ______

Takkode: ______

Rekeningtipe: ☐ Tjek ☐ Transmissie ☐ Spaar

Bankrekeningnommer: ______

Rekeninghouer: ______

**KONTRAK MET SKOOL TEN OPSIGTE VAN BETALING**

1. Laerskool George-Suid is 'n Artikel 21 Openbare Skool en mag skoolgelde hef volgens die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet No. 84 van 1996) soos gewysig, en die National Educating Policy Act (Wet No. 27 van 1996) – National norms and standards of School Funding.

**Definisie van 'n ouer is as volg:**

(a) die biologiese of aanneem-ouer of wettige voog van 'n leerder;
(b) die persoon met wettige aanspraak op sorg vir 'n leerder; of
(c) die persoon wat onderneem om die verpligtinge van 'n persoon in paragrawe (a) en (b) ten opsigte van die leerder se opvoeding op skool na te kom.

**Betalings van skoolfooie**

2. Ek bevestig dat ek as ouer aanspreeklik is vir die betaling van die skoolgelde soos bepaal ingevolge Artikel 39 van die Suid-Afrikaanse Skolewet.

3. Beide ouers is gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir die betaling van skoolgeld ongeag hul huwelikstatus.

4. Betaling van skoolgeld aan Laerskool George-Suid sal as volg geskied:
(Merk asseblief in toepaslike blokkie met kruisie)

☐ Eenmalige betaling voor of op die sperdatum soos bepaal tydens die jaarlikse ouervergadering.

☐ Afbetaling oor 11 maande, met eerste betaling voor die vyfde dag na die skool in Januarie begin het en dan voor of op die eerste dag van elke maand vanaf Februarie tot Oktober.

☐ Meld asseblief of u aansoek gaan doen om Verpligte Skoolfooi Vrystelling ingevolge Regulasie 4(1), SA Skolewet.

5. Ek/Ons bevestig dat indien die betalingsooreenkoms wat maandeliks moet geskied nie nagekom word teen die betaaldatum nie, die volle jaar se skoolgelde onmiddellik opeisbaar en betaalbaar word.

6. Ek/Ons bevestig dat ek/ons kan aansoek doen vir vrystelling van skoolgelde vir 2026 tot en met die laaste dag van die eerste kwartaal en indien ons van voorneme is om aansoek te doen vir vrystelling, sal die relevante aansoekvorm volledig voltooi word. Dit bly my/ons verantwoordelikheid om seker te maak dat die nodige vorms opgetel word by die skool se finansieskantoor en terugbesorg word voor die sperdatum verby is op die manier soos voorgeskryf deur die skool.

7. Indien ek/ons wil appelleer teen 'n beslissing van die Beheerliggaam ten opsigte van die vrystelling van my verpligting van skoolgelde, kan ek/ons dit doen by die Departementshoof van die Onderwysdepartement, wat te alle tye die bepalings van bogenoemde Wetgewing sal toepas en verplig sal wees om 'n behoorlike regsproses te volg ten einde my/ons en die skool se belange te beskerm.

8. Ongeag of die hof bepaal het dat 'n ander persoon ‘n bydrae moet lewer om die skoolgeld te betaal, bly dit steeds die verantwoordelikheid van die biologiese ouers van die ingeskrewe leerder om die skoolgelde te betaal, soos uiteengesit in die Suid-Afrikaanse Skolewet.

**Regsaksie**

9. Indien die rekening oorhandig word vir die invordering van agterstallige skoolfonds, sal u ook aanspreeklik wees vir alle regskostes aangegaan op ‘n prokureur- en kliëntskaal, invorderingskommissie en alle uitgawes.

10. Ondanks enige ander bepalings in hierdie Ooreenkoms, behou die Skool die uitsluitlike reg en diskresie om te besluit of enige geskil, meningsverskil of eis, insluitend ’n likiede eis of ’n eis gebaseer op ’n dokument, wat uit of in verband met hierdie Ooreenkoms ontstaan, deur middel van arbitrasie besleg sal word en of dit in ’n bevoegde hof ingestel sal word.

11. Indien die Skool verkies om die geskil na arbitrasie te verwys, sal dit na die Online Arbitration Centre verwys word, waar ’n arbiter aangestel sal word ooreenkomstig die Sentrum se Reëls, en die arbiter se beslissing sal finaal en bindend wees, sonder enige reg van appèl, en afdwingbaar in enige bevoegde hof. Indien die Skool verkies om die geskil in n hof te voer, stem die Partye hiermee toe tot die nie-eksklusiewe jurisdiksie van die howe van die Republiek van Suid-Afrika wat jurisdiksie oor die aangeleentheid het.

12. Indien die Skool verkies om die geskil in ’n hof te voer, stem die Partye hiermee toe tot die nie-eksklusiewe jurisdiksie van die howe van die Republiek van Suid-Afrika wat jurisdiksie oor die aangeleentheid het.

**Aanspreeklikheid**

13. Ek/Ons verleen toestemming dat my/ons kind vervoer mag word deur 'n openbare busmaatskappy wat goedgekeur is deur die skoolbestuur. Indien daar slegs 'n klein groepie leerders vervoer moet word, kan daar ouers/onderwysers gevra word om leerders te vervoer.

14. Die Ouers magtig hiermee die Hoof van die Skool, of enige persoon deur die Hoof van die Skool gedelegeer, om in loco parentis op te tree en enige redelike noodmediese besluite te neem, insluitend, maar nie beperk nie tot die verlening van toestemming vir mediese, chirurgiese, hospitaal- of verwante behandeling, waar dringende mediese aandag vereis word en dit nie prakties moontlik is om die Ouers se toestemming vooraf te verkry nie. Die Ouers bly verantwoordelik vir die vereffening van enige hospitaalrekeninge indien van toepassing.
15. Die Skool is nie verantwoordelik vir enige verlies van of skade aan persoonlike eiendom wat aan die Leerder of Ouer/Voog behoort terwyl dit op die Skool se perseel of tydens Skoolaktiwiteite is nie, tensy sodanige verlies of skade direk veroorsaak is deur die Skool se growwe nalatigheid.
16. Alhoewel die Skool redelike voorsorg sal tref vir die veiligheid en welstand van u kind, aanvaar die Skool geen aanspreeklikheid vir enige besering, skade of verlies wat die Leerder mag ly nie, tensy sodanige skade direk veroorsaak is deur die growwe nalatigheid van die Skool, en die Skool sal in geen geval aanspreeklik wees vir enige indirekte of gevolglike skade nie.
17. Die Ouer/Voog en Leerder mag nie negatiewe, skadelike of lasterlike inhoud oor die Skool plaas nie en mag ook nie beelde van ander leerders sonder toestemming deel nie.

**POPI Wetgewing en ander persoonlike inligting:**

18. Ek/Ons kies hierdie onderstaande adres as my/ons domicilium citandi et executandi vir aflewering of betekening van kennisgewings of pleitstukke. Woonadres (nie posadres nie):

    ________________________________________________________________________________

19. Ek/Ons gee toestemming dat die onderstaande e-posadres gebruik mag word vir ontvangs van alle briewe en kennisgewings insluitend artikel 41 brief en Aanmaningskrywe:

    ________________________________________________________________________________

20. Ek/Ons onderneem om die skool skriftelik in kennis te stel sou my/ons fisiese adres/e-posadres of enige ander besonderhede en inligting verander. Ek/Ons bevestig dat dit my/ons verantwoordelikheid bly om te verseker dat die skool ten alle tye die nuutste nodige besonderhede van beide myself/onsself en die leerder sal hê.
21. Ek bevestig dat alle mediese inligting voorsien in die Afdeling: Leerderinligting van hierdie vorm akkuraat en volledig is. Hierdie inligting mag gebruik word in enige noodgeval.

22. Ek/Ons stem toe tot die aanvra van enige verslag vanaf enige kredietburo deur die skool / regsverteenwoordiger ten einde my woon- en/of werksbesonderhede te bevestig asook tot betaling van enige kostes en uitgawes aangegaan in die verband. Verder stem ek/ons ook toe dat enige van my/ons finansiële handelinge en persoonlike inligting met enige kredietburo of platform wat met uitstaande skoolfondsrekeninge handel, gedeel mag word.
23. Ek/Ons stem toe dat die skool, volgens sy uitsluitlike diskresie, enige persoonlike inligting kan insamel en/of verskaf, waar en indien nodig, van of aan enige kredietburo.

**Media toestemming**

24. Die Ouer/Voog stem toe dat die Leerder tydens skoolaktiwiteite en -geleenthede gefotografeer of op video opgeneem mag word. Sodanige beeldmateriaal mag vir opvoedkundige, promosie- of kommunikasiedoeleindes gebruik word, insluitend nuusbriewe, brosjures, die Skool se webwerf en sosiale media-platforms. Indien die Ouer/Voog nie toestem nie, moet hy/sy die Skool skriftelik tydens inskrywing daarvan in kennis stel.

☐ Stem in ☐ Stem nie in nie

**Verdere Termes en Voorwaardes**

25. Indien enige bepaling van hierdie Ooreenkoms ongeldig, onwettig of onafdwingbaar bevind word, sal die oorblywende bepalings steeds ten volle van krag en in werking bly. Die ongeldige of onafdwingbare bepaling sal geag word gewysig te wees in die mate wat nodig is om dit geldig en afdwingbaar te maak, of, indien sodanige wysiging nie moontlik is nie, sal dit van die Ooreenkoms afgeskei word.
26. Hierdie Ooreenkoms vorm die volledige ooreenkoms tussen die Ouer/Voog en die Skool en vervang alle vorige skriftelike of mondelinge ooreenkomste rakende die onderwerp hiervan. Geen wysiging van hierdie Ooreenkoms sal geldig wees tensy dit skriftelik gedoen en deur die Skool onderteken is nie. Die Skool behou die reg voor om beleide waarna in hierdie Ooreenkoms verwys word, by te werk of te wysig, en sal die Ouer/Voog skriftelik van sodanige wysigings in kennis stel.
27. Die voorwaarde en termes is nagegaan en sal hierdie verbintenis in sy geheel van krag bly vanaf die dag van bevestiging daarvan deur die ouer/voog tot op die dag waarop die leerder die skool/koshuis verlaat. Bevestiging dat die voorwaardes en termes aanvaar word, is voortspruitend uit die indiening van die aansoek met alle versoekte dokumente en inligting.

28. Hierdie Ooreenkoms word beheer deur die reg van die Republiek van Suid-Afrika.

Ek/Ons, die ouers/voog van ________________________________________________________ onderneem om my/ons te hou by die ooreenkoms soos hierbo uiteengesit en verklaar dat alle informasie voorsien korrek is tot die beste van my/ons vermoë.

Handtekening van Ouer/Voog 1: ______________________________ Datum: ______________________

Volle name van Ouer/Voog 1: ____________________________________________________________

ID-nommer Ouer/Voog 1: ______________________________________

Handtekening van Ouer/Voog 2: ______________________________ Datum: ______________________

Volle name van Ouer/Voog 2: ____________________________________________________________

ID-nommer Ouer/Voog 2: ______________________________________